THE ROYAL BAFOKENG

KINGDOM

SINCE 1450

# RBN Oorsig

## Openingsrede van die Bafokeng se Opperraad

**SM Kgosi:** Leruo Molotlegi

15 Februarie 2018

## AFKORTINGS EN AKRONIEME


| | |
|---|---|
| CoGTA | Die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake |
| GMOD | Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkelingsdienste |
| MOGS | Mining Oil and Gas Services |
| NRO | Nie-regeringsorganisasie |
| PGMs | Platinum Group Metals |
| PULA | Bevolking en Grondgebruik-oudit |
| KBA | Koninklike Bafokeng-administrasie |
| KBOO | Koninklike Bafokeng-ondernemingsontwikkeling |
| KBI | Koninklike Bafokeng-instituut |
| KBN | Koninklike Bafokeng-nasie |
| KBNOT | Koninklike Bafokeng-nasie Ontwikkelingstrust (of die Trust) |
| KBS | Koninklike Bafokeng-sport |
| RBH | Royal Bafokeng Holdings |
| SA | Suid-Afrika |
| SAID | Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens |
| SETA | Sektorale Onderwys-en-opleidingsowerheid |
| SOE | Onderneming in staatsbesit |
| SPLUMA | Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur (No. 16 van 2013) |
| VPG | Vloeibare Petroleum Gas |

## TSWANA-TERME WAT GEBRUIK IS

| | |
|---|---|
| Kgosi | Koning |
| Kgosana | Stamhoof, wyksleier (meervoud: digosana) |
| Kgotha-Kgothe | Groot vergadering; ons tweejaarlikse gemeenskapbyeenkoms |
| Kgotla/Makgotla | Stamgroep, wyk |
| Lekgotla | Vergadering |
| Metshameko | “Speletjies” |

# INHOUD

Afkortings en akronieme ............................................ 2
Tswana-terme wat gebruik is ........................................ 2
Goeiemôre ........................................................... 5
Globale kitsoorsig .................................................. 5
Die Suid-Afrikaanse ekonomie ...................................... 8
Die Bafokeng-nasie in 2017 ........................................ 10
Ons inkomste en finansies.................................... 10
Beleggings ........................................................... 12
Institusionele hoogtepunte......................................... 13
Beheer en beleid ..................................................... 14
Onderwys ............................................................. 14
  RBI .................................................................... 14
  Lebone ................................................................ 16
Koninklike Bafokeng-administrasie (KBA) ....................... 16
  OPMO-stelsel, Navorsing en Gedeelde dienste ....... 16
  Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling ........... 16
  Openbare infrastruktuur en dienste ..................... 17
  Grond ................................................................. 18
  Beskermingsdienste ............................................ 18
  Sport .................................................................. 19
  Ondernemingsontwikkeling .................................. 20
Profiel................................................................... 21
Ter afsluiting ......................................................... 22



**HM Kgosi:** Leruo Molotlegi

## GOEIEMÔRE

Uitgenooide gaste, dames en here, wees hartlik gegroet! Baie dankie dat julle vanoggend hier by die dertiende amptelike Opening van die Opperraad van die Koninklike Bafokeng-nasie teenwoordig is.

Dit is ons gebruik om aan die begin van elke jaar vas te stel waar presies ons staan as organisasie, as gemeenskap en as 'n nasie. Eers wanneer ons na die wêreld om ons, en na Suid-Afrika, gekyk het en ons vordering op pad na ons doelwitte in oënskou geneem het, kan ons ons jaar se werk met helderheid, doelgerigtheid en vasberadenheid aanpak. In die lig van sodanige uiterlike en innerlike oorweging is dit nie ongewoon om die toepaslikheid van enkele van ons doelwitte te heroorweeg nie. Ons noem hierdie proses die RBN-oorsig, en ek verwelkom elkeen van u as vennote in ons onderneming.

Ons begin deur die wêreld van 2017 in oënskou te neem. Ons doen dit vanuit 'n globale perspektief, dan doen ons 'n evaluering van Suid-Afrika en fokus daarna op ons eie nasie en ons vernaamste aktiwiteite, prestasies en uitdagings.

## GLOBALE KITSOORSIG

Ons lewe voorwaar in 'n interessante tyd. Die pas waarteen wetenskaplike vooruitgang gemaak word, is so vinnig dat vele van die deurbrake buite die begrip van die gewone mens val. In 2017 is nuwe sterre, mane en planete in verskeie hoeke van die heelal ontdek. Op aarde is verskeie duisende nuwe plant-, dier- en mikrobespesies ontdek, insluitende 'n nuwe spesie elk van gibbon en orangoetang. Volgens die Wêreld-natuurlewestigting is 'n nuwe dier- of plantspesie ongeveer elke tweede dag verlede jaar in die Amasone-reënwoud ontdek. Verskillende belangrike fossiele van dinosourusse en hominiede is opgegrawe (soos die dinousourus Borealopelta), en nuwe chemikalieë is gesintetiseer (soos die eerste stabiele heliumverbinding). Ons het verneem van die eerste suksesvolle veranderings aan die menslike genoom, en in die rekenaarwetenskap het die soeke na kunsmatige intelligensie met rasse skrede gevorder.

Al hierdie ontdekkings het die potensiaal om ons mettertyd geweldig te beïnvloed. Byvoorbeeld, werkers by 'n Japannese assuransie firma, Fukoku Mutual Life Insurance, is reeds deur kunsmatige intelligensiestelsels vervang, en volgens bewerings verrig hierdie stelsels sekere take beter as wat enige mens dit ooit kan doen, soos mediese

diagnoses maak, om gesigte te herken of skaak te speel. Die verandering van gene sal binnekort dalk meebring dat sekere oorerflike siektes totaal uitgeroei kan word, en dit bring ons nader aan die ontwikkeling van sogenaamde ‘ontwerpersbabas’. Ons lewe voorwaar in ’n wêreld waar die wetenskap en samesweringsteorie bykans nie meer geskei kan word nie.

As ons na sekere van die wêreld se koerante kyk, was daar verskeie gebeure verlede jaar wat mense in doodsgevaar geplaas het:

Natuurrampe en strawwe weerstoestande het toegeneem – die orkane Harvey, Irma en Maria het gebiede in die Karibiese Eilande totaal verwoes – honderde mense is dood, honderde duisende huise is vernietig en die skade aan eiendomsverlies het honderde miljarde dollars beloop. Daar was aardbewings in Meksiko, Iran, Italië en China wat elkeen tot verlies aan menselewens gelei het.

Verskeie terrorismevoorvalle het kop uitgesteek in onder meer Mogadisjoe, Manchester en Las Vegas, terwyl etniese reiniging onder ‘n minderheidsgroep in Myanmar (voorheen Burma) vir die dood van duisende mense verantwoordelik was.

Die Midde-Ooste het sy gewone opstande gehad. Anti-Iranese magte, by name Saoedi-Arabië, die VAE en Bahrein, het bande, verdrae en lugrederye met die Iraneesgerige Qutar beëindig. Saoedi-Arabië het klaarblyklik die hoof van ’n ander soewereine staat herroep deur die president van Libanon oënskynlik te ontvoer, soos wat hulle met die Jemenitiese president gedoen het. Hierbenewens het die oorlog tussen Saoedi-Arabië en Jemen voortgeduur; in hierdie hartverskeurende humanitêre ramp het meer as 200 000 mense cholera opgedoen terwyl Saoedi-Arabië Jemenitiese burgerlike plase en markte aangeval het – met weinig internasionale verontwaardiging. Die sombere proksiestryd van die Siriese oorlog het voortgesleep, pynlik en verwoestend, veral vir burgerlikes, en dit het tot golwe migrante na Europa gelei waar hulle ’n beter en veiliger heenkome soek. In die Midde-Ooste het die Verenigde State se teenwoordigheid in Irak en Afghanistan voortgeduur, en in ’n tydperk waar ons nie meer oorlog ‘verklaar’ nie, het die VSA ’n 9000-kg-bom, met ’n ontploffingsomtrek van verskeie kilometer, op die Afgaanse provinsie Nangarhar, laat val.

Een gebied wat ons nougeset dopgehou het, was die Koreaanse skiereiland, veral in die lig van die sabels wat

uitgepluk is en verbale dreigemente tussen die leiers van die VSA en Noord-Korea. Praatjies oor naderende oorlog het joernaliste baie besig gehou verlede jaar. Ons vertolking is dat hierdie situasie die gevolg is van 'n vete tussen twee persoonlikhede, maar dat institusionele magte sal voorkom dat dit in iets meer as 'n retoriese magskou sal ontaard. In die tussentyd lyk dit of daar 'n mate van détente tussen die twee Koreas is – 'n positiewe ontwikkeling.

2017 was egter die jaar waarin die grootste aantal kuberaanvalle in die geskiedenis plaasgevind het. Daar was insidente met kwaadwillige rekenaarprogramme soos afdreig- en bespiedware wat hospitale aangeval en lamgelê het, en geld uit sowel regerings as gewone mense buitgemaak het. Kort op die hakke van die VSA-verkiesings was daar ook sprake van oorgrensverkiesingsbeïnvloeding via kwaadwillige sosialemedia-agente. Ons afhanklikheid van rekenaars en die internet is besig om tot toenemende kwesbaarheid in ons netwerkverbinde wêreld te lei.

In ons buurland Zimbabwe sal die vervanging van President Robert Mugabe deur Emmerson Mnangagwa – 'n gebeurtenis wat ons nog steeds nie ten volle kan waardeer nie – ons nog lank bybly. Drie dekades lank moes Zimbabweërs tekorte aan kontant, verbruikersgoedere, cholera-uitbrake, verdwynende maatskaplike dienste en werkloosheid van bykans 90% verduur. Een en 'n half miljoen Zimbabweërs het voedselhulp die afgelope paar jaar ontvang, en meer as vier miljoen het hul lewens gewaag om oor grense, van die polisie af en deur krokodilbesmette riviere te vlug, eerder as om onder 'n verdrukkende regering aan te bly. Ons wens ons vriende in Zimbabwe net die beste toe, en vertrou dat hierdie hoofstuk in hul geskiedenis vrede, respek vir die wet en 'n ekonomiese ommekeer teweeg sal bring.

Natuurlik moet ons hier meld dat ons plaaslike ekonomie hewig steun op arbeid uit Zimbabwe, en die langtermyngevolge van repatriasie, indien dit sou gebeur, moenie uit die oog verloor word nie.

Ons verneem ook van die voortslepende getwis jeens politieke legimiteit in Kenia.

In Suid-Afrika was 2017 'n ontstuimige jaar. Twee en tagtig mense het in ons land se myne omgekom – dit is die amptelike syfer en sluit nie die dood van informele myners in nie. 'n Ongelooflike een en 'n half duisend mense is gedurende die feesseisoen van 2017 in padongelukke dood. En swak administrasie en onomwonde wreedheid

het in ’n tragedie verander toe die nasionale Departement van Gesondheid oënskynlik die dood van 143 pasiënte in die Life Esidimeni-ramp veroorsaak het.

Die voortgaande droogte in die Noord-, Oos- en Wes-Kaap vererger, en min mense waardeer werklik die uitwerking hiervan op die landbou en toerisme, om nie eens van basiese lewensonderhoud te praat nie. Die sogenaamde ‘Dag Zero’, waarop munisipale watervoorsiening afgesny gaan word, nader onrusbarend vinnig.

Die sage rondom ‘staatsroof’ is ‘n groot kwelpunt. Te danke aan e-posse wat gelek is, het ons in 2017 met ontsteltenis verneem van die erge omvang van die Gupta-familie se invloed oor bykans die hele openbare sektor in Suid-Afrika.

En reg aan die einde van die jaar, in Desember, het die ANC se verkiesingskonferensie ’n verdeelde, indien nie gekompromitteerde nie, leierskapstruktuur opgelewer. Die taak wat voor die regerende party lê is enorm, en natuurlik hoop ons op vinnige optrede om staatsroof te beëindig, die uitroei van diep verskanste korrupsie in ons staatsmasjien, die opknapping van die swak bestuur en prestasie van staatsdepartemente (soos Basiese Onderwys) en ondernemings in staatsbesit (soos Eskom) en dat dit hopelik tot die herstel van ons ekonomiese groei en die konsolidasie van ons demokrasie sal lei.

## DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

Ons gee besondere aandag aan ons land se ekonomie want die voorspoed daarvan het ’n regstreekse impak op ons vermoë om ons dienste uit te voer.

Te midde van ’n duistere en onsekere globale vooruitsig, wat ’n ‘nuwe standaard’ van ’n relatief lae platinumprys insluit, moes ons waarneem dat baie van ons land se ekonomiese uitdagings – wat onverpoos in 2017 voortgeduur het – selftoegediend is.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het swak vertoon in die laaste jaar, en vir ’n skrale 1% in werklike BBP-groei gesorg. Die onderliggende aanwysers dui op beduidende sistemiese ekonomiese swakhede:

- Eerstens het werkloosheid vroeg in 2017 tot ’n 13-jaar-hoogtepunt van 27.7% gestyg. Werkloosheid onder die jeug het tot 38.5% gestyg, en mense tussen 15 en 34 het bykans 60% van alle werklose burgers uitgemaak.

- Tweedens, wat die fiskale vooruitsig betref, het die bestuur van regeringsfinansies al hoe meer uitdagend geword na die verwydering van die Minister van Finansies Pravin Gordhan in Maart 2017. Staatskuld, alreeds meer as 52%, gaan na verwagting teen 10% van die BBP oor die volgende vier jaar styg, daarmee word skulddelgingskoste opgestoot en die volhoubaarheid van openbare finansies verminder.
- In ooreenstemming met hierdie ontwikkelings het twee vername graderingsagentskappe hul skatting van die regering se vermoë om sy verpligtinge na te kom, verlede jaar tot 'nie-investeringsgraad' afgradeer. Hierdie stap weerspieël die siening dat swak groei, fiskale verlies van beheer en politieke uitdagings swaar druk plaas op die regering se vermoë om sy skuld te delg.
- Vierdens, in 2017 het besigheidsvertroue kommerwekkend laag gebly – dit is, natuurlik, die gevolg van politieke onsekerheid, plus kwellings oor afgraderings en agteruitgang van ons finansiële aanwysers.

Positiewe tendense was dat inflasie redelik stabiel gebly en gesorg het dat rentekoerse verlaag is; maar dit het 'n beperkende invloed op groei gehad.

Indien die land nie dieper in die lae groeistrik wil val nie, moet vername beleidsbesluite geneem word, dit sluit in die oplossing van bestuurskwellings by ondernemings in staatsbesit en die implementering van maatreëls om beleggersvertroue te versterk ten einde graderingsagentskappe gerus te stel.

Die gevolg hiervan is dat, aan die een kant, ons beleggings lae groei opgelewer het, en aan die ander kant, die winsgewendheid van maatskappye meestal traag gebly het. Gekombineer met die gemelde lae platinumprys, beteken dit dat baie plaaslike ondernemings die ekonomiese knyp in 2017 wel deeglik gevoel het, ook beslis die platinummyne: Sibanye, byvoorbeeld, het 'n groot spaarveldtog begin, en Impala is gedwing om die dreigende aflegging van verskeie duisende werknemers aan te kondig. Dit is vanselfsprekend dat sulke faktore 'n baie direkte impak op ons hier in Phokeng het.

## DIE BAFOKENG-NASIE IN 2017

Soos blyk uit die Bevolking en Gebruik-van-Grond-oudit 2016/2017 (in Engels die*PULA*), bevind ons onsself in dieselfde bootjie ten opsigte van trae ekonomiese groei, hoë werkloosheid, 'n lae vaardigheidsbasis, flou selfvertroue en beduidende misdaadvlakke. Uit ons beradingsdienste het ons 'n soortgelyke, kwellende vermeerdering van pasiënte bespeur wat presenteer met gesinsprobleme, gevolg deur posttraumatiese stres te wyte aan werkloosheid, geslagsgebaseerde geweld en middelmisbruik.

Ons kan nie voorgee dat ons nie deur sulke nypende toestande geraak word nie. Maar dit beteken egter nie dat ons moet oorgee aan wanhoop nie. As Bafokeng weet ons dat die enigste manier om 'n toekoms te bou is om 'n Visie en 'n Missie te hê, en om onsself deur 'n plan en 'n strategie te laat lei. Gebaseer op ons eie Visie 2035, en soos gerig deur ons Plan 35, het ons oor die afgelope twee jaar goed gevorder om die ontwikkeling van individue en die gemeenskap te fasiliteer, en om dit volhoubaar te doen deur die plaaslike ekonomie te laat groei.

Hiermee moedig ek julle aan om julself te bemoei met die eerste openbare konsep van 'n boekie, getiteld *Visie 2035* , wat ons vandag vrystel. Hierdie boekie verskaf 'n oorsig oor die onvoltooide werk wat Plan 35 behels.

Tot voordeel van ons gaste moet ek noem dat Plan 35 'n oorkoepelende ontwikkelingstrategie is, met jaarlikse doelwitte vir ieder en elke ding wat ons doen ten einde ons Visie te behaal. Plan 35 is ons roetekaart na die Bafokeng waarvan ons droom.

## ONS INKOMSTE EN FINANSIES

Ons staan kortliks stil by 'n oorsig oor die Koninklike Bafokeng-nasie-ontwikkelingstrust (die KBNOT of 'die Trust'; RBNDT in Engels).

Gegee die oorafhanklikheid van platimum in die vroeëre jare van die Trust, en die uitdagings wat die ekonomie en die platimum sektor sedert die wêreldwye finansiële krisis in 2008 ondervind het, het die Trust geen dividende in die 2013- of 2014-boekjaar ontvang nie. Die KBN het egter daarin geslaag om maatskaplike dienste aan die gemeenskap op 'n redelik ononderbroke basis te verskaf, hoofsaaklik as gevolg van die Trust se kontantdekkingspolisse. Indien die KBN voortgegaan het met sy besteding in 2013, sou

die tekort in die begroting groter gewees het, en dit sou daartoe gelei het dat die KBN net minder as R1.2 miljard kumulatief sou moes leen om ons normale reeks gemeenskapsdienste uit te voer.

As gevolg van die – soms ongemaklike – fiskale ingrypings wat oor die afgelope paar jaar onderneem is, het die KBNOT die 2017-boekjaar met 'n afnemende maar gesonde kontantsaldo van meer as R1.2 miljard afgesluit. Ingrypings het onder meer ingesluit samewerking met Royal Bafokeng Holdings (*RBH*) om weer 'n minimum dividend vanaf 2015 in te stel; om uitgawes te besnoei met 'n kumulatiewe R1.5 miljard (in nominale terme/syfers) oor die afgelope vyf jaar; en deur konsekwent die gestelde norm vir portefeuljegroei oor die laaste vyf jaar te oortref.

Ten opsigte van ons 2018-begroting het die Opperraad 'n bruto begroting van R616 miljoen vir die boekjaar toegeken aan sosio-ekonomiese prioriteite van die KBN. Dit is egter jammer dat R42 miljoen hierby ingesluit moes word as 'n BTW-verpligting – 'n saak wat die Trust opgeneem het. Desnieteenstaande is die netto begroting R574 miljoen, waarvan 57% na mensontwikkelingaktiwiteite soos onderwys, gesondheid en sanitasie gaan; 28% is vir gemeenskapsontwikkeling soos kulturele en erfenisaktiwiteite, gemeenskapspolisiëring en ons howe; en 15% is geoormerk vir aktiwiteite wat volhoubaarheid en groei bevorder, insluitende werkskepping, landbousteun en die beskerming van ons grond.

Vir die rekord: die KBN het meer as 180 projekte en programme in 2017 bestuur. Ons het 10 000 jeugdiges gehad wat by KBA-ingrypings gebaat het, die Koninklike Bafokeng-instituut (KBI) het die onderwys van 24 000 leerders ondersteun, ons gesondheidsdienste het regstreeks of onregstreeks die gesondheid van meer as 80 000 mense ondersteun. Ons Nood- en Mediese Reddingsdienste het 1 200 oproepe in 2017 hanteer, en ons Beskermingsdienste het op net minder as 3 000 gemeenskapswaarskuwings, wenke en oproepe reageer. Huishoudelike afval van 90 000 mense is weekliks gekollekteer, en 120 000 mense het ons watervoorsiening geniet. Ons doen baie, met 'n klein bietjie.

Om terug te keer tot die BTW-kwessie: verlede jaar het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) belastingaanslae uitgestuur wat weier dat die KBN BTW-aftrekkings van meer as R121 miljoen vir die 2012- tot 2016-boekjaar kan

aftrek. Dit was 'n groot skok vir ons omdat die Trust met die SAID in gesprek was sedert die begin van die nuwe wetgewing. Toe die wetgewing op 1 Julie 2006 verander en munisipaliteite die enigste erkende 'plaaslike owerhede' geword het, het ons ons besware geopper, en verduidelik dat ons fondse vir gemeenskapsontwikkeling (insluitende infrastruktuurprojekte) aangewend word, met ander woorde, dat ons die staat bystaan om sy rol te vervul, en dat ons daarom die BTW van sodanige uitgawes behoort te kan terugeis. Die SAID het oënskynlik ons argument gesteun en toegelaat dat ons elke jaar BTW kon terugeis, en nadat ons ons eise vir die 2016-boekjaar voltooi het, het die SAID inderdaad 'n korting van R13 miljoen aan ons toegestaan. Dit was dus baie onverwags dat die SAID nou 'n ommekeer doen en dat hulle nou selfs boetes en rente hef wat ons potensiële aanslag na ongeveer R222 miljoen opstoot. Tesame met ander tradisionele gemeenskappe sal die KBN hou by ons beswaar en aanhou om druk op die nasionale regering te plaas om hierdie wetgewing te hersien en te verander.

## BELEGGINGS

Kom ons kyk nou na hoe ons beleggings gedurende die afgelope jaar gevaar het.

Royal Bafokeng Holdings, ons beleggingsmaatskappy, het opdrag om saam met die Trust, te sorg vir die langtermyn lewensvatbaarheid van die Nasie. Hulle rol is om 'n volhoubare dividend aan die KBNOT uit te keer ten einde ons portefeulje te laat groei, en om die risiko's so te bestuur dat dit die portefeulje teen kapitaalverlies beskerm.

Ons is deur 'n jaar van konsolidasie en versterking van die platform – Neotel is voltooi en ook hernubare energietransaksies wat in 2016 aangekondig is, en die bates is in ons groter portefeulje geïntegreer. Hierdie bates voeg 'n defensiewe komponent tot ons portefeulje, en verhoog die groeiprofiel daarvan.

Ons olie- en gasinfrastruktuurmaatskappy, Mining Oil and Gas Services (*MOGS*), het die konstruksie van die Sunrise Energy VPG-invoerterminus in Saldanha suksesvol afgehandel – 'n bate wat Afrika se grootste oop-toegang vloeibare gasinvoer-en-stoorfasiliteit uitmaak. *MOGS* het ook die aankoop en suksesvolle bedryf van die Ghanese Petroleumvasmeerstelsel hanteer, en homself as 'n vername strategiese speler in Wes-Afrika gevestig.

Wat die portefeulje betref, het 'n positiewe vertoning in 2017 gelewer, met ons netto batewaarde wat met 13%

tot R33 miljard (ongeoudit) gegroei het te midde van 'n verhoogde politieke risiko-omgewing, sowel plaaslik as internasionaal. Hierdie vertoning is hoofsaaklik deur sterk groei in ons eiendom- en telekommunikasiebates aangedryf, en bestendige groei in ons finansiële dienste bates wat marginaal verreken is deur onderprestasie van ons mynboubates. As gevolg hiervan het die bruto dividende op beleggingsinstansies met 4.3% verhoog, vergeleke met 2016.

Volgens sy mandaat het *RBH* 'n dividend aan die Trust verklaar gedurende die oorsigtydperk. Hulle het ook daarin geslaag om 'n addisionele, spesiale dividend te verklaar en uit te keer. Ek wil *RBH* hiermee gelukwens, dis 'n uitstekende prestasie gegewe die huidige ekonomiese klimaat.

Vir *RBH* sal die nuwe jaar daarop fokus om die diversifikasie strategie vol te hou ten einde ons eiendom en infrastruktuurbateklasse te laat groei. Ons fokus op risikobestuur en hoe om die veerkrag van die portefeulje te verbeter, sal beteken dat ons die hefboomwerking van ons portefeulje ook sal hersien.

## INSTITUSIONELE HOOGTEPUNTE

Die Koninklike Bafokeng-nasie is 'n groep van meer as 100 000 Tswanasprekers wat op grond bly wat hulle van hul voorouers geërf het, in 29 dorpe en buitestedelike gebiede. Ons Nasie sluit ook tienduisende Bafokeng in wat buite ons grense woon. Elke Mofokeng kry hul status as Bafokeng via lidmaatskap van een van ons 72 *Makgotla*, of stamgroepe. Elke stamgroep word gelei deur 'n oorgeërfde leier, 'n *Kgosana*, met die hulp van sy vrou en 'n span *Makgotla*-gebaseerde ampsdraers. Saam vorm die 72 tradisionele leiers die Raad van *Dikgosana*. Ons het ook 'n groep verkose en aangestelde leiers wat ons die Tradisionele Raad noem. Daar is 18 leiers wat die verskillende streke in ons Nasie verteenwoordig, en elkeen dien vir 'n termyn van vyf jaar. Wanneer die Tradisionele Raad volledig saam met die Raad van *Dikgosana* vergader, noem ons dit die Opperraad. Die Opperraad is die liggaam wat ons beleidsinstruksies vir die Nasie uiteensit.

Op hul beurt word die beleide dan deur ons administratiewe instellings uitgevoer, naamlik die KBN (die Administrasie), die KBI (Onderwys), en die Koninklike Bafokeng-ondernemingsontwikkeling of die KBOO, vir ondernemingsontwikkeling.

Kom ons kyk nou na hoogtepunte in ons beheer- en beleidsinstellings voordat ons by elkeen van die drie administratiewe instellings stilstaan.

## BEHEER EN BELEID

Verlede jaar het ons ons tradisionele raad verkies. Hierdie proses was polities en logisties uitdagend maar is goed deur die Regerende Sekretariaat bedryf, en het ’n nuwe span raadslede – verkose en genomineerde ampsdraers – tot ons beheerstrukture gevoeg. Ons verwelkom ons nuwe span na hierdie raadsaal, veral dié van julle wat hierdie toespraak die eerste keer bywoon.

Voor die Desembervakansie is al die nuwe raadslede reeds ingewy tot ons stelsels en bekend gemaak met ons beleide en prosesse.

Twee verdere punte oor die regeerproses in die algemeen. Eerstens: In ’n jaar met vele wetgewende debatte was die vernaamste die een oor ons nuwe grondbeleid, en ons hoop om dit binne die volgende paar weke te finaliseer.

Tweedens het ons verlede jaar beduidende bydraes tot die spitsberaad van *CoGTA* (die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake) gemaak. Dit het ons bedenkings ingesluit oor die voorgestelde Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur (No. 16 van 2013), in Engels bekend as die SPLUMA, ons kwellings oor die BTW, die voortgesette saak oor die registrasie van trustgrond, en die heffing van eiendomsbelasting en diensgelde op ons grond. Baie dankie aan die spanne wat hierby betrokke is.

## ONDERWYS

### RBI

Die eerste entiteit waarby ons stilstaan is die Koninklike Bafokeng-instituut (RBI), ‘n instelling wat hom daarvoor beywer om te sorg vir verbeterde, internasionaal genormeerde onderwysstandaarde in ons gebied.

Een van die vernaamste doelwitte van die afgelope jaar was om die funksionering van ons hoërskole te verbeter, en om dit in die matriekuitslae te weerspieël. Verlede jaar het ons skole oor die algemeen in ooreenstemming met vorige uitslae presteer, maar ’n prestasie wat wel gemeld moet word, is die ses onderskeidings van Amon

Keamogetswe Legase van Mmanape Hoërskool. Dit was waarlik indrukwekkend.

2017 was 'n warrelwindjaar vir die onderwys. Die RBI het lede van skoolbeheerliggame in bestuur, finansiële en administratiewe vaardighede opgelei. Hulle het voortgegaan met programme oor leerkragsteun, en het groot groepe ouers dwarsdeur die jaar ontmoet. Hulle het IT-infrastruktuur by vier van ons skole opgestel. Ons het reeds verskeie jare die ontwikkeling van wiskunde en wetenskap bevorder, en verlede jaar het dit 'n betekenisvolle hupstoot ontvang deur ons vennootskap met Kutlwanong, 'n inisiatief van die Departement van Onderwys, befonds deur Royal Bafokeng Platinum. Hierbenewens het Lanxess Chrome Mining die KBI ondersteun deur 'n gemeenskapsbiblioteek by Tshukudu Hoërskool op te rig, die projek sal vanjaar afgehandel word.

Die nuwe jaar gaan die wye reeks onderwysbehoeftes van ons nasie weerspieël. Voorskoolse leerders kan voordeel trek uit die Ntataise-vroeëkindertydvennootskap. Ons Akanyang-vennootskap met Noordwes-Universiteit ondersteun vroeëkindertydontwikkelingsprogramme wat in die besonder grondslagfase en juniorgraadsteun aan ons jong leerders bied.

Ons gaan ook probeer om ons 'skool-binne-'n-skool-idee' uit te brei waar wiskunde en fisiese wetenskap in ons staatskole onderrig word deur 'n privaat vennoot (soos die RBI), wat op hul beurt die leerkragte in diens neem en die leergang en uitvoering daarvan bestuur. Kitsong, ons lae-fooi-privaat-skool, sal vanjaar nuwe skole toelaat, gebaseer op dieselfde innoverende model as 'n neweproduk van die hoof skool.

Vir naskoolse leerders sal ons Maile Construction Campus meer programme aanbied en hulself voorberei om meer leerders in te neem. Ons sal aanhou om ons KBI-ondersteunde studente aan nasionale universiteite deur ons spanne te monitor en te lei, en vertrou dat ons ons eerste universiteitsvakansieprogram vanjaar oor die Paasvakansie kan loods.

In 2018 sal ons voortgaan om te strewe na akkreditasie as 'n privaat hoëronderwysinstelling, en ons visie van 'n universiteit in Phokeng te verwesenlik. Vanjaar beloof om 'n groot jaar vir die RBI te wees, en ons wens hulle net die beste toe.

### Lebone

Lebone, ons privaatskool van uitnemendheid, het ook ‘n merkwaardige jaar beleef. Weereens het 100% van die matrikulante geslaag, and voorts het 91% matriekvrystelling ontvang. Ons het einde laasjaar vir David du Toit, ons uitstekende skoolhoof gegroet, en wens die nuwe Uitvoerdende Hoof, Melvin King, alle sterkte toe.

## KONINKLIKE BAFOKENG-ADMINISTRASIE (KBA)

Die KBA is ’n versameling instellings wat die werk van die staat in een of ander vorm versterk en wat aan die Kantoor van die Koning rapporteer. Ek gee vervolgens hoogtepunte van enkele eenhede binne die KBA.

### OPMO-stelsel, Navorsing en Gedeelde dienste

Die Operasionele en Prestasiebestuurskantoor (in Engels die *OPMO*) was volstoom aan die gang in 2017. Dit is altyd een van ons toonaangewende funksies. Ons projekbestuurswerktuig, die *OPMO*-stelsel, kan vinnig en akkuraat enige bestuursinligting verskaf. Dit is ’n uitstekende hulpmiddel vir uitvoerende besluitneming, en is een van die dinge wat besoekers aan die Nasie altyd beïndruk.

Die navorsingspan het die afrondingswerk aan die *PULA*-sensus en huishoudelike opname gedoen, benewens verskeie ander navorsingsprojekte. Ons sal op hierdie uitslae steun vir baie jare in die toekoms.

Ons Gedeelde-dienste-funksies het bevredigend presteer in die oorsigtydperk. Desnieteenstaande personeelvermindering aan die einde van 2016 weens herstrukturering, plus ’n beduidende snoei in die begroting, het die spanne van finansies, verkryging, MH, IT en regsdienste hulself goed van hul taak in 2017 gekwyt.

### Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling

Die Bafokengse Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkelingsdienste (GMOD) versterk die staat se verskaffing van basiese gesondheid- en maatskaplike dienste vir die Koninklike Bafokeng-nasie.

Wat primêre gesondheidsorg betref, het ons klinieke hul wye reeks dienste in 2017 aangebied, en al vyf klinieke wat geëvalueer is, is gelys as ‘ideaal klinieknakomend’ deur die Departement van Gesondheid. Ten opsigte van maatskaplike ontwikkeling het die span hul veelvoudige ingrypings uitgevoer by gesinsorg, jeugontwikkeling, steun aan mense

met gestremdhede, weeskinders en ander kwesbare kinders. Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkelingsdienste het voortgegaan met beradingsdienste en gevallestudies, terapeutiese dienste, huweliksverrykingsprogramme, die traumaterugvoerprogram en speelterapie-opleiding. Ons het ook *Ja o jale*, 'n maatskaplike uitkomsprogram, bekendgestel waar begunstigdes aangemoedig word om groentetuine te vestig.

Die lys dienste wat aangebied is, is indrukwekkend, maar ons meld graag dat die GMOD die voetspoor van die provinsie se huishoudelike voedsel- en voedingsekerheidprogram verlede jaar vergroot het. Bykans 16 000 mense is deur middel van hierdie edele inisiatief gevoed. GMOD speel ook 'n aktiewe rol by die monitering van die listeriosis-uitbraak in die land. Baie geluk met 'n goeie jaar, en beste wense vir die uitbreiding en handhawing van hierdie dienste in 2018.

## Openbare infrastruktuur en dienste

Ons Staatsdiensbestuurspan het opdrag om openbare dienste te lewer, veral met betrekking tot paaie, water, sanitasie en vullisverwydering. Hierdie span is ook verantwoordelik daarvoor om vennootskappe met die regering aan te gaan ten opsigte van infrastruktuur en munisipale dienste.

Die belangrikste ontwikkeling die afgelope jaar is ons nuutgevonde begeerte om die status quo te verander. Die uitsluitlike waarde van ons Memorandum van Begrip met die plaaslike munisipaliteit van Rustenburg is om werkbare oplossings vir diensleweringuitdagings te vind, iets wat tot nou toe nog baie onbevredigend was. Met hierdie doel voor oë het ons 'n taakspan op die been gebring om ruimtelike beplanning en grondgebruikbestuur te ondersoek, en 'n ander om die vraag na waterdienste wat so lank reeds tersyde gestel is, te ondersoek. Die wateronderhandelings betrek verskeie aspekte: die KBA wat ekwivalente regte aan dié van 'n waterdiensverskaffer moet kry, die KBA wat van die koste moet kan verhaal vir die watervoorsiening aan behoeftige huishoudings, en dat die KBA moet voordeel trek uit die beplande grootmaat Pilanesberg-suid-waterpyplyn. Ons sien uit na blywende oplossings binnekort.

Ons kan meld dat ons twee watertenkers gekoop het om water aan die gemeenskap te verskaf gedurende hierdie tyd wat deur onderbrekings in waterdienste gepla word. Impala Platinum het ons bygestaan met die konstruksie van *Makgotla*-kantore in Luka en 'n veeldoelige sentrum

in Kanana, en ook met die konstruksie van sekere paaie in Luka en elders (ter waarde van R20 miljoen) in 2017. Impala se subkontrakteurs beplan om vanjaar met 'n grootmaat-waterpyplyn na Luka te begin, en ook om sportvelde in Luka en Lefaragatlhe te bou.

Ons beplan verskeie padherstellings in die noorde en noord-ooste van die gebied, en sal vanjaar ook die Lefaragatle-pompstasie opgradeer.

## Grond

As Bafokeng vorm grond die kern van wie ons is. Dit is die skakel tussen ons verlede, die hede en die toekoms. Dit is ons grondeienaarskap wat toelaat dat ons 'n ontwikkelingstrategie kan skep om ons bates mettertyd te diversifiseer.

Die toename in mynbouaktiwiteite op ons grond het baie maatskappye, besoedeling en nie-plaaslike werkers in ons gebied veroorsaak. Hierdie toestroming beteken diensuitdagings (soos waterverskaffing vir 50 000 ekstra mense, en plakkery), maatskaplike uitdagings (soos drankmisbruik en misdaad), en omgewingsuitdagings (soos afvalstorting en rommelstrooiing). Een van ons vernaamste take is om ons grond te beskerm – ons is die beskermers van hierdie nalatenskap vir die volgende geslag – en dit beteken om dit in die howe, in die omgewing en teen onwettige toedelings deur ons eie leiers te beskerm, en om dit bowendien volhoubaar te ontwikkel.

Hierbenewens, met mynbou wat aan die afneem is, is dit belangrik dat ons nuwe lewe in ons landboupraktyke inblaas. Landbou is 'n belangrike diversifiseerder en bron van werkskepping, om nie die feit dat dit 'n bron van voedselsekerheid is, buite rekening te laat nie.

Uit die ANC se konferensie aan die einde van verlede jaar het ons kennis geneem van die party se beleidsverskuiwing wat die onteiening van privaat grond sonder skadevergoeding aan grondeienaars voorstaan. Dit is 'n belangrike en waarskynlik nodige beleid, maar terselfdertyd bedreig dit maatskaplike stabiliteit, werkskepping en voedselsekerheid. Ons sal dit noukeurig monitor en daarop reageer (soos gewoonlik), om ons grond te beskerm.

## Beskermingsdienste

Ons beskermingsdienste bestaan tans uit die Reaksiemag (ons misdaadbekampingseenheid), die Grondeenheid

(wat ons grond as ons primêre bate beskerm), en die Wagafdeling.

In 2017 het ons ’n gemiddeld van 260 misdade maandeliks hanteer; die implikasie is effens meer as agt misdadige voorvalle elke 24 uur. Ons het saam met die SAPS nie minder nie as 78 misdaadbekampingsbedrywighede uitgevoer.

Die Grondeenheid het verlede jaar 2112 operasies en grondverwante moniteringsaktiwiteite uitgevoer. Die bedrywighede het gevarieer vanaf die sloping van onwettige strukture tot die bediening van dagvaardigings aan grondoortreders, en ook die vernietiging van voedsel in snoepwinkels en algemene handelaarwinkels waarvan die vervaldatum verstryk het.

In die nuwe jaar beplan ons om vinnig, dapper en professioneel op elke misdaadsituasie en elke grondmisbruikvoorval te reageer, en om proaktief teen enige potensiële konfliksituasies oor grond op te tree en dit ongedaan te maak.

## Sport

Dwarsdeur die KBN is Bafokeng Sport die entiteit wat verskillende sportkodes op verskillende vlakke koördineer.

Soos gewoonlik het ons administrateurs ’n wye reeks gemeenskapsbewuswordingsveldtogte, opleiding- en onderrigaktiwiteite, ligas en kompetisies en die toerusting van ons afrigters hanteer. By vele geleenthede kon ons trots wees op ons atlete – laat my toe om enkeles uit te sonder:

- Vyf en veertig van ons atlete, wat deur die geledere van skool, klub en distrik beweeg het, het aan die finale nasionale veldwedloopkampioenskappe deelgeneem.
- Ses van ons elite baan-en-veldatlete lê tans onder die top vyf in Suid-Afrika in hul onderskeie kodes. Verder, een van ons jong naellopers, Phemelo Matlhabe, het ’n merietebeurs ontvang na Iowa Gemeenskapskollege in die VSA, waar hy in kollegeligas sal meeding.
- Wat basketbal betref het ons ’n baie suksesvolle junior KBA-liga gehou, en het weereens die Discovery nasionale toekenning vir basketbalontwikkeling ontvang, en ons meisiespan het die al-Afrika-basketbal-toernooi gewen.
- Wat netbal en sokker betref, het ons meer as 800 kinders gehad wat in die Metshameko-laerskoolligas deelgeneem het, en meer as 4 000 mense het die eindwedstryde wat in Macharora plaasgevind het, bygewoon.

- Ons het nog ’n uitstekende doelbalseisoen gehad waaraan ons gestremde sportmense op provinsiale vlak deelgeneem het.

In die jaar wat voorlê sal ons ons kommersialiseringsveldtog uitbrei, sekere posisies in die lig van ‘n klein begroting konsolideer, en steeds die Visie van ‘n aktiewe sportnasie uitleef. In die besonder het ons reis met die Platinum Stars-sokkerspan tot sy einde gekom. Hul sal nog hier in Phokeng gesetel wees, vir tyd en wyl. Die verkoop van die span sal toelaat dat ons die rol van sport in ons Nasie heroorweeg. Onder meer voel ek dat die sportafrigters in ons gemeenskappe nie ten volle benut word nie – hulle het direk toegang tot ons jeug en kan soveel meer wees as slegs sportmentors. Ek hoop om binnekort planne aan te kondig wat ons afrigters opgradeer na lewensafrigters vir die jeug. Terselfdertyd kan die fondse wat voorheen die professionele sokkerspan ondersteun het, nou aangewend word vir sportfasiliteite – verwag mettertyd aankondigings hieroor.

## Ondernemingsontwikkeling

Die laaste entiteit op die lys is die Koninklike Bafokeng-ondernemingsontwikkeling, die KBOO, ‘n instelling wat verantwoordelik is vir die koördinering van ontwikkelingsprogramme vir Bafokeng se entrepreneurs, en om plaaslike ondernemings aan die gang te kry.

Verlede jaar het die Phoka-winkel by die Royal Marang Hotel geopen. Dit is ’n koöperasie wat deur die kuns- en kreatiewe gemeenskap besit word om te sorg vir marktoegang tot hul produkte. Die KBOO se aanlyndatabasis van KMMO’s is uitgebrei tot 1244. Hierdie databasis sorg dat ons maatskappye volgens hul gereedheid vir markblootstelling in rangorde kan plaas, en ook plaaslike maatskappye met toepaslike geleenthede kan koppel.

In 2017 het die KBOO ‘n reeks KMMO-ontwikkelingswerkwinkels gehou, en verskeie KMMO’s na handelskoue gestuur. Ons het daarin geslaag om R9.7 miljoen van ABSA te bekom wat aangewend is om KMMO’s in grootmaatmateriaalhantering, en in die ingenieurs- en vervoersektor aan die gang te kry.

In samewerking met ander KBN-instellings het hulle ook voortgegaan om strategiese vennootskappe met mynboumaatskappye te sluit. Sibanye-Stillwater het onder andere donasies aan Thekwane Poultry en Photsaneng Bakery gemaak, en Lanxess Chrome Mining het gehelp met die oprigting van ’n klerefasiliteit in Photsaneng wat vanjaar sal voortgaan.

In 2018 sal verhoogde deelname plaasvind aan die 'jeugsake-versnellingsprojek' – dit sluit in 'n opleidingsprogram met steun van Cola-Cola SA, asook 'n 'nuwe- ondernemingskeppingsprogram' wat deur verskeie SETAs befonds word. Ons sal ons ook beywer vir verhoogde verkryging vanaf KMMO's deur korporatiewe belanghebbers. Soos gewoonlik hoop ons om plaaslike ondernemings wat ons aan die gang kry, volhoubaar en winsgewend te sien.

## PROFIEL

Na die bespreking van ons entiteite, wil ek dit graag kontekstualiseer met 'n voorbeeld van 'n voorbeeldige Mofokeng. Lesedi Rakgokong is 'n rolmodelentrepreneur wat in Phokeng woon. Hy behoort aan die Kgotla ya Lemenong, en het Bafokeng Hoërskool bygewoon. Sy gesin het na Mafikeng verhuis en hy het in Mmabatho gematrikuleer.

Hy is opgelei as onderwyser, maar hy het ook 'n entrepreneur geword: eers in telekommunikasie, kort daarna in boor- en mynbouvoorraad, en verder. Hy het ook besluit om na Bafokeng terug te keer. Vandag bestuur Lesedi vir Bafokong, 'n vervaardigingsmaatskappy wat elektroniese motors, pompe, skakelaars en transformators bou en onderhou. Hy bestuur ook Bakgaka Investments, een van die streek se vernaamste verfvoorraadhouers en -verspreiders. Hy het 'n beduidende aandeel in Denoko, 'n maatskappy wat boorpunte vervaardig, en hy besit 30% van Bafotech wat windasse vervaardig en herstel.

Vir Lesedi gaan dit nie net oor die vervaardiging van produkte vir plaaslike myne nie, maar ook oor wêreldklasuitnemendheid. Sy windasse word aangetref in myne vanaf Peru tot Australië, en sy boorpunte word in myne vanaf Zambië tot in Rusland gebruik. In die Noordwesprovinsie het hy meer as 300 werknemers. Hy stuur gereeld kennisgewings aan die KBOO om hulle van vakatures in kennis te stel, en natuurlik bied die KBOO geleenthede waarby sy maatskappye blootstelling ontvang, en die KBH belê gereeld in hul groei.

Lesedi woon in Kgale, hier in Phokeng. Dit beteken dat sy gesin se water deur die Lefaragatle-pompstasie voorsien word, en soos die KBA-span gou sal uitwys, dat sy huishoudelike afval weekliks deur een van ons subkontrakteurs verwyder word, plus natuurlik, dat sy straat deur ons beskermingsdienste beskerm word, soos wat hulle elke straat in ons dorpe en statte beskerm.

Deur die kollig op hierdie uitsonderlike Mofokeng te laat val, vier ons nie alleen hierdie besondere persoon se lewe nie, maar kan ons aantoon dat onderwys, dienste, ondernemingsteun en *makgotla*-strukture wat deur die Bafokeng verskaf word, elkeen ’n werklike en aktiewe rol speel in die lewens van gewone en buitengewone Bafokeng, waar hulle hulself ook al bevind. Ons wye reeks dienste word tot die voordeel van ons mense aangewend.

## TER AFSLUITING

Van buitengewone mense gepraat: in die nuwe jaar sal ek die Bafokeng-uitnemendheidstoekennings weer instel – iets wat laas in 2009 plaasgevind het. As Nasie het ons baie om te vier, en dit sal ons baat om die kollig te laat val op buitengewone voorbeelde van mense wat na uitnemendheid streef. Dapperheid, gemeenskapsbou, sakesukses, sportprestasie en uitnemende bestuur is baie edel, en mans en vroue wat uitstyg bo ander verdien ons erkenning. Meer besonderhede oor die Uitnemendheidstoekennings sal binnekort vrygestel word.

My beste wense aan elke persoon wat hierdie geleentheid vandag met ons deel, elke departement en elke entiteit: sukses vir die nuwe jaar. Mag ons in 2018 steeds ’n beter Bafokeng word.

Baie dankie.

**Let wel:** Hierdie is ‘n vertaling van die Engelse toespraak. Waar daar enige betekenisgeskille sou ontstaan, geniet die Englese weerwage voorrang.